BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Lewe in die Kruis: DIE KOSTE VAN DIE NUWE LEWE

## AFSKOP

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Matteus 16:24-25**

24Toe sê Jesus vir sy dissipels: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën,
sy kruis opneem en My volg, 25want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy
lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry.

**Wanneer jy hierdie gedeelte bestudeer. Wat is jou verstaan van die beginsel "Verloën jouself"**

**Wanneer jy hierdie gedeelte bestudeer. Wat is jou verstaan van die beginsel "Neem op jou Kruis"**

**Hoe verstaan jy Vers 25: "want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry."**

**Bestudeer Lukas 14:28-33 en bespreek wat Jesus hier verduidelik.**

__________________________________________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________________________________________

**Wat het dit jou al gekos dat jy vir Jesus volg?**

__________________________________________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________________________________________

**Hoe verstaan jy die volgende 2 gedeeltes van Paulus?**

**2 Korintiërs 5:14-15**

**Die liefde van Christus dring ons, <u>omdat ons tot die insig gekom het</u> dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het. 15En Hy het vir almal gesterwe, <u>sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.</u>**

**Galasiërs 2:19-20**

**...ek is saam met Christus gekruisig, 20en nou is dit <u>nie meer ek wat lewe nie</u>, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.**

__________________________________________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________________________________________

**Johannes waarsku dat ons nie die dinge van die wêreld moet lief hê nie. Bespreek hoe die volgende beginsel 'n verkeerde invloed het op hoe ons in waarheid vir Jesus moet volg:**

1. **Aanvaarding van hierdie wêreld**
2. **Verheerliking en prys van mense**
3. **Gemak**
4. **Tydelike Veiligheid te kies**

__________________________________________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________________________________________________

**Bestudeer die volgende gedeeltes van Jesus se voorbeel van verloëning en bespreek hoe ons in Sy voorbeeld moet volg:**

**Filippense 2:6-8**

**6**Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op God gelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van

'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, 8het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

**Johannes 8:28-29**

Daarna sê Jesus vir hulle: "Eers wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, sal julle begryp dat Ek is wat Ek is, en dat Ek niks uit my eie doen nie, maar net verkondig wat die Vader My geleer het. 29Hy wat My gestuur het, is by My. Hy het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hy wil."

____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________

**Hoe is die waarskuwing van Jesus in Matteus 7:13-14 van toepassing op Jesus se woorde in Matteus 16:24-25**

____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________

**In watter deel van jou lewe moet jy vandag weer opnuut sterf, jouself verloën sodat jy Jesus, soos Hy dit bedoel het, kan volg?**

____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________
____________________________________________________________________________

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in**

**hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**